Nomades Voetslaanklub Roeteterugvoer.

Wag-'n-Bietjie staproete

WAG-'N-BIETJIE -

24g 46' 52.6"S 28g 09' 49.2"E, Noord van Bela-Bela.

10 – 12 Augustus 2018

Wilma Hale vertel ons van die stap. Wilma en Jannes voorsien die fotos. Baie dankie.

"Ses stappers van Nomades stapklub het bespreek, maar 9 het die stap naweek meemaak. Elsabè During, Magda Grobler, Wilma & Dave Hale, *Jan & Corrie du Preez*, Jannes van Ryssen, Erika Barnard en *Celeste Birch* was die gelukkiges wat wel die naweek kon saam kuier en stap, Almal het Vrydag middag aangekom by die basiskamp. Dit was so uur en half se ry vanaf Pretoria met die N1 snelweg. Jy draai dan af op pad wat jou lei deur Bela-Bela tot so 15 km in 'n noordelike rigting anderkant Bela-Bela al die pad met 'n teerpad. Dan het jy ewe skielik 'n grondpad getref wat alles binne jou en die voertuig losgeskud het agv die erge sinkplaat oppervlakte van die pad asook slegte spoel slote plek-plek. Dit was rof vir so 7km. Meeste van die groep stappers was voor sononder al by die kamp. Jan en Corrie het selfs hulle nuwe motor ingebreek op die rowwe pad. Celeste is daaroor met haar piepklein Ford Figo wat oral oor gebokspring het tot by die kamp en nogal in die donker ook.

Die Basiskamp bestaan uit vier houthuisies, elk met 6 stapelbeddens met matrasse in asook elektriese lig in elkeen. Die nege van ons het 3 van die houthuisies beset. Jannes, Erika en Celeste in een, Elsabè, Magda, Dave en Wilma in die tweede huisie en Jan en Corrie in die huise op die punt. Almal het nes geskrop en gereed gemaak vir die braai nadat almal eers iets kouds gesit en drink het onder 'n groot dak met pale waaronder daar ook groot tafels gestaan het. Daar is ook by elke huisie 'n braaiplek en roosters en plek vir 'n groot kampvuur. Agter die huisies is groot bome wat koelte voorsien. Oraloor tussen die bome het Njala bokkies rondgewei, van klein tot groot. Net voor sononder kon ons kyk hoe die eienaar kos vir die Njalas kom gee wat dien as byvoeding omdat dit so droog is en daar nie baie voeding vir hulle in die veld is nie. Die kombuisie is toegerus met 'n wasbak en warmwater geyser, tweeplaat sofie, elektriese yskas en 'n piep klein werkspasie. As een persoon in die kombuisie staan was dit heeltemal beset en moet die ander wag of moet 2 persone sydelings verby mekaar skuur. Daar is ook net langs die kombuisie, alles in diesefde eenheid of onder een dak drie enkel spoel toilette en drie storte, waarvan slegs een gewerk het. Jy het ook die voordeel om te stort terwyl jy alles wat buite om jou aangaan te kan sien, want die paaltjies om die stort het ook openinge en sal jy dus nie uitstoom as jy stort. Die ander een kon jy net met koue water stort en die ander een met net kokende warm water.

Daar is ook ander steen en sement huisies op dieselfde terrein waar 'n groot groep ander mense gebly het vir die naweek. Voor die huisies is ook groot grasperk waarop die jongmense en kinders gespeel het. Dan is daar ook 'n dam wat in swembad omskep is, maar niemand was so braaf om dit aan te durf.

Almal braai lekker, elkeen met sy eie spesialiteit op die vuur. Erika het ons verras met lekker pampoen poffertjies in karamelsous vir nagereg. Daarna het almal die hitte van die kampvuur opgesoek en amper in die vuur geklim vir ekstra bietjie hitte. Dit het net al hoe kouer begin word, so koud later dat die kampvuur nie eers meer aanloklik gevoel het en het almal maar gaan inkruip om te ontsnap van die geniepsige en bytende aandlug. Daar is afgespreek om 8:00 Saterdag oggend te begin stap.

Daar is besluit om die Groen roete op die kaart wat deur Marius Stander opgestel is te stap. Dit is so 9.1km tot by die oornag hut en dan nog so 2.7 km vanaf die Fonteine kamp terug na die Basiskamp want almal voel fiks en sterk en lus vir die stap.

Daardie nag daal die kwik onder vriespunt en met die natuurlike lugreëling van die houthuisies waar die planke wyd uitmekaar gespasieer is, seker ook vir ekstra uitsig oor die omgewing, bied dit nie eintelik warmte teen die buitekoue. En die nag kan baie lank wees as jy al jou klere wat jy saamgevat het al aangetrek het en nog die koue voel wat jou van al die kante bekruip en jy net so nou en dan jou kop onder die slaapsak uitsteek om ‘n koue asemteug te skep. Dan het twee van die huisies ook met ‘n helling oorgelê na die agterkant. Dit het veroorsaak dat party van ons hul gym sessie ook ingepas het deur hul gedurig met hulle arms aan die bed moes optrek om nie af te gly aan die voetend. Elsabe se bisep spiere het oortyd gewerk deur die nag. Dit het ook tot gevolg dat sy nie heeltemal so koud soos die ander gekry het nie. Die eerstes ontwaak Saterdag oggend so 6:00 met gevriesde en dooie ledemate. Die terugvoer was oorweldigend “Sjoe, ek het nog nooit so koud geslaap, ek is omtrent gevries” op die vraag “Hoe het jy geslaap?” Daar is besluit om so 8:15 te stap om almal net kans te gee om te ontdooi en paar koppies koffie te drink om weer hul liggaamstemperatuur tot normaal te kry.

Die roete begin agter die lapa met so bietjie van ‘n opdraande vir so 1 km waarna die groep tot stilstand gedwing is voor ‘n heining met ‘n hek waaraan ‘n groot slot hang. Nie een in die groep het kennis gedra van sleutels wat afgehaal moes word of dat daar ‘n gesluite hek sal wees waardeur die stappers moet gaan. Dave en Wilma het toe aangebied om die koppie weer af te loop en by ontvangs te gaan uitvind van die sleutel. Daar aangekom, was daar geen teken van lewe by ontvangs, net ‘n groot hond wat ons liefdevol begroet. Vakansie gangers wat in ‘n ou plaashuis daar naby tuisgaan het die eienaar se nommer op sy selfoon en hy bel toe vir Pieter. Met skok deel hy hulle mee dat hy skoon vergeet het om die sleutels vir ons die vorige aand te gee en dat hy in die dorp is. Hy het toe gou iemand gestuur wat die sleutels kom gee waarna Dave en Wilma terug is na die res van die groep en kon almal weer verder stap. Die roete het verby Radio torings gekronkel waarna dit deur ‘n steil rotse-woud wat bekend is as Bobbejaankrans die groep klouterend na benede gelei het. Die rotsformasies van hierdie deel van die Waterberge is uniek met baie ronde klippe wat soos spoelklippe lyk wat uit klei en sandsteen bestaan. Dit was voorwaar goeie kostelose voet massering vir elkeen, maar met die hulp van stapstokke het almal darem veilig op hul voete so gly gly gebly tot onder. Toe weer bo-oor ‘n rots bergie waar party om geklouter het en die ander met die hulp van Dave deur die rotsskeur tot aan die anderkant gehelp is. Heelwat wild langs die roete soos verskillende soorte bokke soos Blesbokke, Waterbokke, steenbokke, Njala, Impala, kameelperde, Blouwilde beeste, Al die pad was die roete goed gemerk met groen spore wat lei tot by ‘n ou kerk wat nie meer gebruik word, maar waar egte hout banke baie verwaarloos nog in staan en mens die orrelpype teen die muur kan sien. Daar kon party van ons die spoeltoilette wat darem nog werk gebruik en het almal daar iets geeet en drink. Daarna lei die groen spore verby ‘n permanente opgeslane groot tent, wat op die bult is en dan weer af waar daar al langs die rivier gestap word. Dan lei die roete weer oor die rivier met Poko se brug en deur digte populierbos na die Fonteine kamp wat dan die oornag kamp is vir die oornagroete en wat dan 9.1km vanaf Basiskamp is. Hier is drie klein houthuisies, donkie vir warmwater, watertenk vir drinkwater, een spoeltoilet en stort en wasbak asook braai area en houtbankies om die plek vir kampvuur ‘n Paar meter van die kamp af is die fontein waar die water uitborrel en waar ‘n reuse Bloekom boom staan en waar dit groen en soos oase in woestyn lyk. Hier het almal uitgespan en middagete genuttig. Dan weer oppak en opsaal vir die laaste 2.7 km terug na die basiskamp. Redelike maklike roete met so gemiddeld van 300m styging in gradient met baie verskillende areas, oor rotsformasie

koppies, deur grasvlaktes, bos en oor paadjies met ronde spoelklippies. So 15:00 teruggewees, skoene uitgetrek en onder die groot afdak op pale gaan sit met iets kouds in die hand en nabetragting gehou oor die roete. Die meeste het die sonstrale opgesoek om hitte op te bou vir nog ‘n koue nag. Daar is ook terselfdertyd planne beraam hoe om voorbereidings te tref om die natuurlike ligreeling in die huisies te omseil net om beter en warmer te kan slaap. Erika het sommer Magda se seil waarop sy haar hondekinders in die motor vervoer verwelkom, net solank sy warmer kan slaap. Daar is ook advies gegee om leë koeldrank bottels vol kookwater te maak wat jy dan saam jou in bed sit. Jannes se een bier het ook spoorloos verdwyn uit die yskas.

Daar is toe weer reggemaak vir braai en om om die kampvuur te kuier. Jan het ons trakteer op sy baie lekker spesiale mieliepap, nes hy dit kan maak met kondensmelk en mielies om maar ‘n paar van die bestanddele te noem en Corrie het die sous wat ewe lekker is en daarmee saamgaan voorberei. Dave en Wilma het toe sjokolade tevoorskyn gebring wat as nagereg sy doel gedien het. Dit was bietjie warmer as die vorige aand en het almal bietjie langer langs die vuur gesit en lekker gekuier. Almal is toe na hulle onderskeie huisies toe, baie goed voorbereid vir die koue wat toe op die ou einde nie so erg was en moes hul deur die nag ontslae raak van al die lae klere en seile en komberse.

Sondagoggend het almal opgestaan met ‘n huppel in hul stap, want hul was uitgerus en nie gevries. Die groep het 8:00 begin stap aan die rooi roete wat so 5 km is en wat agter die swemdam begin en opkronkel met die koppie waar daar ook verskillende wild en interresante unieke rotsformasies te sien was. Maklik maar tog mooi ook wat so helfte nie weer op groen roete was, maar op roete waar rooi voetspore gevolg is. Die laastes was voor 11:00 terug by die basiskamp waar daar gestort en ingepak is vir die terugtog. Die groep het toe by die Bela Bela Mall by Panarottis elkeen ‘n ontbyt pizza en iets te drinke vir oulaas gaan geniet voordat elkeen die terugtog aangepak het huistoe.

Om op te som: baie lekker roete vir onervare sowel as ervare stappers wat nie moeilik is nie en dus ook nie hoê fiksheidsgraad vereis, met die nodige basiese fasiliteite wat bietjie opknappingswerk vereis.”

Gaan kyk ook by www.WagnBietjie.com
Ons het via Anvie Ventures bespreek.
www.AnvieVentures.co.za t:044 696 6585

Finansies:

```
Inkomste:
  Inbetalings(6xLede): R1920
Uitgawes: R1922.98
  Oorbetaal aan Anvie Venture.    R1850
    6 Stappers x R300 +
    Besprekings fooi R50.
  Brikette en aanstekers:  R72.98
    AanstekersR14.99+TriketteR57.99(JvR)
Projek tekort: R2.98
```

Groete
Marius Stander
Vir Nomades Voetslaanklub
Sien www.Nomades.co.za vir meer inligingting oor Nomades Voetslaanklub en nog roete-terugvoere.
(2018/09/19)